

Donderdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 6 – 8:27; 1 Korintiërs 6:12-20

Fokusgedeelte: 1 Konings 8:12, 13

Ons is die tempel van die Koning

Ons is die tempel van die Koning. Staan u in absolute verwondering hieroor? Die Koning van die heelal woon in stof soos u en ek. Die aarde is sy voetbank en die hemel is sy troon. Die hoogste hemel kan Hom nie bevat nie, en tog ... tog verklaar hierdie Koning: Ek wil onder my volk woon. Die Een in ontoeganklike lig, die Een wat weens sy heiligheid totaal verwyder is van hierdie sondige wêreld, tree nader en soek gemeenskap met sy volk.

As ons die geskiedenis lees van die bou van die tempel, moet ons veral daarop let dat die Koning sentraal staan. Hy staan absoluut sentraal in die uitleg van die tempel, en Hy staan absoluut sentraal in die doel van die tempel.

Eerstens: God self bepaal hoe sy huis gebou moet word. Ons hoor hoe Salomo presies dieselfde uitleg gebou het as die uitleg van die tabernakel. Die tabernakel wat die HERE in detail aan Moses verduidelik het. Die huis van die HERE word versier presies soos God se besluit, op geen ander manier nie. Tweedens: Die doel van die tempel lê juis daarin dat die Koning se Naam daarin woon.

In die Nuwe Testament hoor ons: Ons is die tempel! Kan u dit bedink? Die Koning wou nie bloot in 'n gebou woon nie, nee, Hy wil met sy volk wandel soos in die tuin van Eden, Hy wil in hulle woon!

Is u ywerig op soek na hierdie intieme gemeenskap met die Koning? Word u versier met goeie werke soos die Koning bepaal het sy tempel versier moet word? Verlang u na die voleinding, die doel van alles? Wanneer die aarde van die Koning se heerlijkheid vol sal wees?

Die teenwoordigheid van God is nie net die doel van die tempel nie, maar die doel van die ganse evangelie!

Sing: Psalm 43-1:3, 4

Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)